Jl S. Afr. Bot. 41 (2): 91 (1975)

'n NUWE NAAM VIR *DUTHIELLA*

M. P. DE VOS
(*Universiteit van Stellenbosch*)

Dit het onder my aandag gekom dat die naam *Duthiella* De Vos vir 'n nuwe monotipiese genus van die Iridaceae 'n latere homoniem is van die reeds gepubliseerde geldige genusnaam, *Duthiella* C. Muell. ex Broth., in Nat. Pfl. 1: 1009 (1908), vir 'n blaarmosgenus behorende tot die familie Trachypodaceae. Die naam *Duthiella* vir die genus van die Iridaceae is daarom illegitiem en moet verwerp word.

Die ongelukkige fout, wat die reeds ingewikkelde plantkundige nomenklatuur nog meer ingewikkeld maak, laat hierdie genus sonder geldige naam. 'n Nuwe naam moet daarvoor gepubliseer word, gebaseer op dieselfde tipe as dié van die verwerpte naam. My keuse is:

Duthiastrum De Vos, nom. nov.

Sinoniem: Duthiella De Vos, nom. illeg., in Jl S. Afr. Bot. **40:** 301 (1974): non Broth. 1908.

Die naam van die tipe word dan *Duthiastrum linifolium* (Phill.) De Vos vir *Duthiella linifolia* (Phill.) De Vos (*Syringodea linifolia* Phill. in Ann. S. Afr. Mus. **9:** 125 (1913).

Net soos die latere homoniem *Duthiella*, is die nuwe naam ter ere van dr. A. V. Duthie (1881–1963), die eerste dosent in Botanie aan die Victoria-Kollege, later die Universiteit van Stellenbosch, en ook weens die stervormig spreidende blomdeklobbe van die plant.

Vir publikasie aanvaar 4 April 1975.